

15 November 2020

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Leer 'n nuwe taal aan, JESUS s'n

Die taal wat jy gebruik om die werklikheid mee te beskryf, verander gou-gou in jou eie werklikheid. Kyk maar na 'n uitdrukking soos: "Die corona-virus gaan nog die land vernietig." Of: "Ons land sit op 'n tydbom." As jy dit gedurig as hoofopskrifte vir jou eie opinies of ervarings gebruik, dan dwing dit jou om gedurig nuwe probleme te identifiseer, wat hoort onder sulke opskrifte.

Sê nou jy sou taal kies, wat eie is aan navolgers van Jesus. Sê nou jy sou vra of sulke tydbomtaal jouself of ander mense bemagtig of ontmagtig? Sê nou jy sou vra wat jou rol op sosiale media platforms is, asook in ander gesprekke wat oorheers word deur sulke negatiwiteit? Wat sou gebeur as jy kies om sulke saamstemsprale te dwarsboom met iets soos:

"Dit mag dalk waar wees, maar ekself het gekies om deel te wees van die hemel se brandweerspan." Of: "Daar is orals tydbomme, maar ek kies elke dag om 'n bomontlonter te wees in die Here se span."

Verseker sal elke realis dadelik uitroep: "Naïef!" "Snert!" Wel, toe nie ... nie as jy Jesus navolg nie. Jy is nou deel van 'n ander werklikheid en 'n ander verhaal - Syne! Jy volg Hóm. Hy is water op die vuur. Hy is lewe wat die dood troef. Daarom leer jy gedurig Jesus se soort taal aan. Jy praat agter Hom aan, nie agter mense aan nie. Die vraag is nie of dit help dat jy lonte probeer blus nie, maar eerder of dit die regte manier is om te praat. As dit is, dan doen jy dit, selfs al doen jy dit alleen! Jy doen reg en jy praat reg - op die Jesus-manier.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Peet Els vir volle herstel
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Johan Dettmann volle herstel
- *Bid vir Jan-Harem Pretorius vir volle herstel
- *Bid vir Gerhard Dewinnaar-bid vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets – vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HERE

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



THE STRUGGLE IS REAL BUT SO IS GOD

Gedagte vir die week

NO MATTER THE STRUGGLE



KEEP YOUR EYES ON JESUS

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005